## AFDELING C3: REËLS TEN AANSIEN VAN DIERE

In die voortdurende uitvoer en uitleef van die kultuuropdrag soos in die Bybel vervat en om die gemeenskap se bedoeling dat die natuur en daarmee saam diere bewaar, versorg en nie aan verwaarlosing of mishandeling uitgelewer word nie; en gegewe dat Orania in die getal inwoners en daarmee saam diere toenemend groei toon; en ten einde oorlaste wat spruit uit die aanhou van diere en aangeleenthede wat daarmee verband hou te reguleer; en om die rol en bevoegdhede van instellings wat by diereversorging maar ook die hantering van klagtes en probleme rakende diere betrokke is te omskryf; en om in die algemeen bepalinge en reëls ten aansien van diere daar te stel, word die onderstaande reëls ten behoewe van die gemeenskap in werking gestel.

### 1. WOORDSOMSKRYWINGS

In hierdie hoofstuk se Reëls, tensy die teendeel uitdruklik blyk, beteken:

1.1 **"dier"** 'n lid van die perdefamilie, bees, skaap, bok, vark of ander vee, pluimvee, hond, kat of ander huisdier of voël of wilde dier of reptiel wat in gevangenskap verkeer of onder beheer van iemand is, ingesluit enige troeteldier of insekte soos, maar nie beperk tot, bye wat deur 'n persoon aangehou of beheer word.

1.2 **"dieremishandeling"**, of ook diere verwaarlosing, synde die lyding en/of skadeberokkening van diere as gevolg van weerhouding of doelbewuste opdrag of late of behandeling deur die mens, wat op wreedheid of mishandeling neerkom en nie binne die algemene norme van die gemeenskap aanvaarbaar is nie.

1.3 **"eienaar"** met betrekking tot 'n dier, die eienaar van 'n dier asook iemand wat in besit is van of belas is met die sorg, bewaring of beheer van 'n dier; met betrekking tot 'n perseel, die persoon wat die eienaar is van enige aandeleblok in OAB waartoe daar uitsluitlike gebruiksreg ten opsigte van die spesifieke perseel verleen word en sluit 'n okkupeerder of huurder van sodanige Perseel in.

1.4 **“gemeenskaplike plek”** soos omskryf in Afdeling A2 van die Reëls.

1.5 **“gemagtigde beampte”** is sover dit die toepassing van hierdie reëls aangaan enige aangestelde beampte van OVD, sowel as 'n beampte van Orania Dieresorg en wat vir daardie doel deur die hoof van OVD skriftelik daartoe gemagtig is om hierdie reëls as gemagtigde beampte toe te pas.

1.6 **“OAB”** synde die afkorting wat gebruik word om Orania Aandeleblok (RF) (Edms.) Bpk. te beskryf, synde 'n aandeelblok behoorlik sodanig geregistreer en wat as privaat maatskappy handel dryf, wat as eienaar van die eiendom onder sy beheer hierdie Dorpsreëls uitreik en bestuur en meer prakties deur die dag-tot-dag funksionering van die **Dorpskantoor** wat deur die **Dorpsraad** bestuur word.

1.7 **“openbare oorlas”** enige handeling, versuim of toestand op 'n perseel of gemeenskaplike plek met inbegrip van enige gebou, struktuur of gewas daarop wat die veiligheid van persone of eiendom in gevaar stel of wat onooglik, hinderlik, aanstootlik of rusversteurend vir ander mense is en **“oorlas”** het dieselfde betekenis, en beskik die woord “openbare oorlas” en “oorlas” ook oor die wyer betekenis verder in die Reëls hieronder beskryf.

1.8 **“Orania Dieresorg”** 'n nie-winsgewende vereniging opgerig as liggaam met 'n afsonderlike regspersoonlikheid wat onafhanklik van sy lede en ampsdraers bestaan, met 'n eie Grondwet soos aanvaar deur sy lede en waarin die vereniging se omskrywing en oogmerk meer omvattend uiteengesit word, met die primêre oogmerk om in Orania dienste en bystand ten aansien van diere te lewer.

1.9 **“Orania pad”** soos omskryf in Afdeling A2 asook Afdeling C5 van die Reëls.

1.10 **“OVD”** synde die afkorting wat gebruik word om Orania Veiligheidsdienste (Edms.) Bpk. te beskryf, 'n volfiliaal van OAB en wat hoofsaaklik verantwoordelik is vir die lewering van

veiligheidsdienste en die handhawing van goeie orde aan die hand van Dorpsreëls in Orania.

1.11 **"privaat landgoed"** is die verwysing na enige ontwikkeling of landgoed binne Orania Dorpsgebied wat oor 'n inwonersvereniging beskik en waarvan die inwonersvereniging die bevoegdheid het om interne reëls ten aansien van ook diere op toepassing van die betrokke privaat landgoed te maak.

1.12 **"pluimvee",** enige hoender, gans, volstruis, eend, duif, kalkoen, makou, tarentaal, pou of ander tipe voël hetsy dit makgemaak of wild is.

1.13 **"residensiële erf"** verwys na sodanige geheel van 'n aandeelblok, ongeag enige onderlinge en informele verdeling wat daarop mag voorkom, waarop mense gewoonlik woonagtig is of woonagtig kan wees en vir daardie oogmerk gesoneer is, terwyl **"perseel"** dienooreenkomstig verwys na sodanige grondgedeelte wat die geheel van 'n aandeelblok uitmaak, hetsy 'n erf, hoewe of enige ander beskrywing.

1.14 **"struktuur",** beteken enige houer, stal, skuur, varkhok, kraal, voëlhok, kamp, bedekte struktuur, hoenderhok, hok, kamp, heining, duiwehok of gebou wat gebruik word vir die aanhou van diere.

1.15 **"troeteldier"** enige mak of makgemaakte dier wat normaalweg in 'n huishouding aangehou word as troeteldier of enige ander dier wat aangehou word en as 'n troeteldier hanteer word.

1.16 **"troeteldiersalon"** beteken 'n onderneming waar troeteldiere versorg word.

1.17 **"troeteldierwinkel"** 'n onderneming waar troeteldiere aangehou word vir handelsdoeleindes.

1.18 **"voël"** enige duif, pou, fisant, patrys, kanarie, budjie, papegaai, volstruis en enige ander mak of wilde voël wat in gevangenskap is of onder beheer van iemand is.

## 2. TOEPASSINGSVELD

2.1 Die bepalings van hierdie afdeling reëls is van toepassing ten aansien van alle eienaars of in die alternatief sodanige persoon wat met 'n dier te make het en op die geheel van die Dorpsgebied van OAB ten aansien van alle diere wat op die Dorpsgebied teenwoordig is.

2.2 Enige privaat landgoed kan bykomende reëls ten aansien van die aanhou van diere, al dan nie, instel en wat intern tussen die inwoners daarvan kan geld, maar sal sodanige bykomende reëls nie die algemene werking van hierdie reëls mag uitsluit of beperk nie.

2.3 In die geval van 'n privaat landgoed en waar sodanige landgoed bykomende reëls ten aansien van die beperking van die getal diere en/of sterilisasie van diere en/of die beweging of aanhou van diere instel en wat nie met hierdie reëls ooreenstem nie, sal sodanige reëls binne die betrokke landgoed deur die landgoed self bestuur en afgedwing word en sal 'n OVD of gemagtigde amptenaar ingevolge hierdie reëls nie verantwoordelik wees om enige sodanige bykomende of ander reëls soos deur die landgoed bepaal namens die landgoed af te dwing nie.

## 3. VERBODE HANDELING, VERSUIM OF OORLAS TEN AANSIEN VAN DIERE

3.1 Enige handeling, versuim of oorlas ten aansien van diere soos onder reël 3 hiervan uiteengesit is verbode en 'n oortreding van hierdie reëls.

3.2 'n Openbare oorlas word veroorsaak deur 'n eienaar van 'n dier en/of van 'n perseel, na gelang van die geval:

3.2.1 deur die aanhou van sodanige dier, uitgesluit troeteldiere, op sodanige perseel tensy die perseel ingevolge die heersende goedgekeurde ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of soneringskema van OAB gesoneer is vir die aanhouding van sodanige diere;

3.2.2 deur toe te laat dat sodanige dier:

3.2.2.1 op 'n gemeenskaplike plek, Orania pad of 'n perseel, wat nie 'n perseel is waarop die dier aangehou mag word nie, aanwesig is, tensy dit onder behoorlike beheer is, en in die geval van 'n hond of perd aan 'n leiband of toom, na gelang van die geval, vasgemaak is;

3.2.2.2 aan 'n besmetlike of aansteeklike siekte ly; of

3.2.2.3 wat kwaai of gevaarlik is, op enige gemeenskaplike plek, Orania pad of perseel, wat nie 'n perseel is waarop die dier aangehou mag word nie, aanwesig is, tensy sodanige dier aan 'n leiband en onder beheer van 'n verantwoordelike persoon gemuilband en gehou word en ander gepaste stappe geneem word om besering of skade te voorkom;

3.2.2.4 'n bron van gevaar inhou of besering veroorsaak vir 'n persoon buite die perseel waarop sodanige dier gehou mag word;

3.2.2.5 'n bron van gevaar sal wees vir 'n gemagtigde beampte of werknemers van OAB wat sodanige perseel betree vir die uitvoering van hul pligte deurdat die betrokke dier nie onder beheer en/of bedwang gebring word nie;

3.2.2.6 onredelikerwys inmeng met die gerief, vrede of stilte van bure deur gedurig te blaf, te skree, te tjank, te blaas, of enige voertuie, diere of persone buite die perseel waarop sodanige dier gehou mag word te jaag of aanval;

3.2.2.7 aangehou word op 'n perseel wat nie behoorlik en genoegsaam omhein is om die dier binne te hou nie.

3.2.3 deur toe te laat dat 'n perseel vuil, verwaarloos of besmet is met knaagdiere, slange, muskiete, vlieë, bosluise, of ander insekte wat skadelik kan wees vir die algemene gesondheid, of toelaat dat enige aanstootlike reuke of gasse afkomstig is van sodanige Perseel.

3.3 Dit is 'n openbare oorlas indien 'n hond in 'n gemeenskaplike plek of Orania pad teenwoordig is, en die eienaar daarvan versuim om die ontlasting van sodanige hond onverwyld te verwyder deur dit in 'n plastiek- of papiersak of omhulsel te plaas en weg te gooi in 'n houer wat vir die weggooi van rommel of vullis bestem is.

3.4 Vir die toepassing van subreëls 3.1. en 3.2. word enige handeling of toestand wat die veiligheid of gesondheid van 'n persoon of eiendom in gevaar stel of wat onsindelik, ergerlik, hinderlik, aanstootlik of rusversteurend is vir ander mense, as 'n openbare oorlas beskou.

3.5 Indien enige persoon subreël 3.1. saamgelees met subreël 3.2. hierbo uiteengesit oortree of versuim om daaraan te voldoen, en sonder inkorting van OVD en die Dorpskantoor se reg om dissiplinêre stappe in te stel of boetes te hef, kan die Dorpskantoor alle nodige maatreëls tref en stappe neem om die oorsaak of bron van sodanige oorlas te verwyder en enige koste in verband daarmee aangegaan deur OVD en/of die Orania Dieresorg is verhaalbaar van die persoon wat verantwoordelik is vir die oorlas en/of van die eienaar van die dier en/of van die eienaar van die perseel waarop die oorlas ontstaan het of voortgesit word ongeag of die eienaar van die dier of eienaar van die perseel daarvoor verantwoordelik was al dan nie.

3.6 'n Persoon wat 'n openbare oorlas veroorsaak of enige subreël onder reël 3 hierbo uiteengesit oortree of versuim om daaraan te voldoen, of versuim om aan 'n kennisgewing of aanmaning wat daaronder uitgereik is te voldoen, is skuldig aan 'n oortreding en stel hom- of haarself aan verdere optrede en vervolging ingevolge die dissiplinêre proses in Orania bloot.

## 4. ALGEMENE BEVOEGDHEID VAN OAB

4.1 Ten einde die aanhou van diere binne die Orania Dorpsgebied te beheer en te beperk, kan die direksie van tyd tot tyd die getal, soorte en geslag diere wat per perseel aangehou mag word, bepaal, asook die gebiede waarbinne sodanige diere verbied word.

4.2 Die direksie is geregtig om vereistes voor te skryf wat betref die identifikasie van diere (insluitend die aanbring van 'n identifikasieskyf, oftewel mikroskyfie), sowel as die lisensiëring van sekere diere en kan lisensiegelde ten opsigte daarvan voorskryf.

4.3 OAB is geregtig om enige dier as *res nullius* te ag, indien dit buite die perseel waarop die dier aangehou mag word, teenwoordig is en nie oor 'n duidelike en sigbare identifikasiemerk, identifikasieskyf of halsband beskik nie en sal enige eienaar van 'n dier die bewyslas dra om te bewys dat enige dier aan hom of haar behoort, indien sodanige dier geskut of op welke wyse in besit geneem word. 'n Eedsverklaring deur 'n betrokke inwoner wat eienaarskap van 'n dier bevestig kan deur OAB as genoegsame bewys van eienaarskap geag word.

## 5. ORANIA DIERESORG

5.1 Orania Dieresorg het die gedelegeerde bevoegdheid van die direksie om die nodige stappe ingevolge hierdie reëls te neem ten einde die welstand van diere in Orania te verseker, en sal amptenare van Orania Dieresorg wat deur die Hoof: Veiligheid daartoe gemagtig is met die nodige bevoegdheid as gemagtigde beamptes hierdie reëls mag uitvoer en afdwing. Voormelde delegasie aan Orania Dieresorg asook spesifieke amptenare om as gemagtigde beamptes ingevolge hierdie reëls te handel kan deur die direksie teruggetrek word.

5.2 Orania Dieresorg is verantwoordelik om enige dier, om welke rede ingevolge hierdie reëls ook al vereis word of toegelaat word, te skut, en sal geregtig wees om sodanige redelike kostes vir die skut van die dier soos van tyd tot tyd deur die bestuur van Orania Dieresorg bepaal vanaf enige eienaar van die dier, of die eienaar van die perseel waar die dier aangehou is, te verhaal voordat die dier wat geskut word weer vrygestel word. Orania Dieresorg kan daarop aandring dat enige en alle rondloperdiere van 'n mikroskyfie voorsien word, asook gesteriliseer word, welke koste deur Orania Dieresorg verhaal kan word, alvorens sodanige dier weer aan die eienaar daarvan vrygestel word.

5.3 Orania Dieresorg is geregtig om, soos deur hierdie reëls bepaal, enige dier wat vir 'n tydperk van een week nie deur die eienaar daarvan opgeëis word nie, af te maak of na goeddunke daarmee te handel.

5.4 Orania Dieresorg is geregtig om, soos deur hierdie reëls bepaal, enige dier wat vanweë enige ander rede as rondloperdiere maar anders as met mishandeling of verwaarlosing, na 'n tydperk van een week af te maak of andersins na goeddunke daarmee te handel. Orania Dieresorg sal in die geval waar 'n dier vanweë verwaarlosing of mishandeling na goeddunke met die dier mag handel, maar geskied dit ingevolge die bepalings van subreël 8.5 hiervan.

## 6. TOESTEMMING OM DIERE AAN TE HOU

6.1 Die volgende diere mag op die grondgebied van OAB aangehou word, welke aanhou van diere belet kan word indien daar te eniger tyd 'n oorlas ontstaan of die vereistes van hierdie Reëls nie nagekom word nie, met dien verstande dat die aanhou van die diere ingevolge die bepalings van hierdie Reëls geskied:

- 6.1.1 katte, honde, hoenders, eende, visse in 'n visdam of diere wat binnenshuis in 'n voëlkou of vistenk of terrarium of iets soortgelyk gehou word;
- 6.1.2 perde, donkies, skape, pluimvee, bokke, beeste en wild wat geen gevaar inhou nie waar die perseel waarop dit geskied ten minste 0.5 hektaar in grootte, of groter is.

6.2 In enige geval, anders as met voormelde diere waarvoor toestemming nie benodig word nie, moet die eienaar wat 'n dier wil aanhou die nodige aansoek by die Dorpsraad indien ten einde toestemming daarvoor te verkry.

6.3 'n Aansoek om toestemming om diere aan te hou, moet in die voorgeskrewe vorm ingedien word en moet vergesel word met die voorgeskrewe aansoekfooie en van 'n terreinplan waarop bestaande en voorgestelde strukture op die perseel aangedui word.

6.4 Gedetailleerde planne en spesifikasies moet voorgelê word aan en goedgekeur word deur die direksie of sy gemagtigde ten opsigte van alle vaste strukture waar diere gehuisves gaan word.

6.5 Die getal, soorte en waar nodig ook die geslag van diere moet op die plan aangedui word.

6.6 In die oorweging van 'n aansoek ingevolge subreël 6.2. kan OAB die insette en kommentaar van die eienaars of bewoners van omliggende persele bekom.

6.7 Ondanks enige andersluidende bepalings in hierdie reëls vervat en behoudens enige ander gronde of beleidsoorwegings wat die direksie inagneem by die oorweging van 'n aansoek, kan die direksie of sy gemagtigde weier om die aansoek en/of planne goed te keur indien geoordeel word dat die perseel, vanweë die ligging of geografiese kenmerke daarvan, of bevolkingsdigtheid in die perseel se omliggende omgewing, ongeskik is vir die aanhou van diere daarop.

6.8 Die direksie behou aan homself en/of sy gemagtigde die reg voor om na deeglike oorweging van beskikbare bewyse van oorlas veroorsaak deur katte, honde, hoenders en diere wat binnenshuis gehou word soos gestipuleer in subreël 6.1 hierbo, die getal diere wat aangehou mag word te beperk of toestemming om daardie diere aan te hou, terug te trek.

6.9 In die afwesigheid van enige andersluidende bepaling onder subreël 6.8 uitgereik en met die oogmerk om die welstand van diere sowel as die gemeenskap te bevorder, sal die getal honde en die getal katte ouer as ses maande van ouderdom per residensiële erf tot die volgende beperk word:

6.9.1 In die geval van 'n residensiële erf waarvan die grootte daarvan minder as 1000m² is sal die getal honde op die erf tot twee beperk word.

6.9.2 In die geval van 'n residensiële erf waarvan die grootte daarvan meer as 1000m² is, sal die getal honde op die erf tot drie beperk word.

6.9.3 Die getal katte wat per erf aangehou word, word ongeag die grootte van die betrokke erf tot die getal van twee beperk.

6.10.1 Nieteenstaande die bepalings in subreëls 6.8 en 6.9 uiteengesit, mag die eienaar van honde en/of katte ouer as ses maande van ouderdom by die Dorpskantoor aansoek doen, dat die maksimum toelaatbare getal daarvan soos vir 'n spesifieke grootte erf voorgeskryf mag oorskry:

6.10.1.1 In die geval van erwe waarvan die grootte daarvan minder as 1000m² is, in die geval waar met die honde geteel wil word.

6.10.1.2 In die geval van erwe waarvan die grootte daarvan meer as 1000m² is, in die geval waar met die honde geteel wil word, of vir 'n ander behoorlik gemotiveerde rede.

6.10.2 Sodanige aansoek sal die naam van die eienaar en die perseel waar die diere aangehou word aandui en met die voorgeskrewe fooi asook nodige motivering en/of rede soos onder 6.10.1 bedoel met die aansoek gepaardgaan wat die Dorpskantoor daartoe in staat sal stel om die aansoek gunstig te kan oorweeg.

6.10.3 Waar aansoek gedoen word om meer honde en/of katte as die voorgeskrewe getal, soos omskryf, aan te hou, moet die bure aangrensend (insluitend bure oorkant 'n straat of ander Orania pad) tot die erf waarop die diere aangehou word, deur die eienaar wat die aansoek bring van die aansoek in kennis gestel word, tesame met ‘n uitnodiging om enige beswaar by die Dorpskantoor in te dien. Bewys van kennisname aan bure soos hierin omskryf moet tesame met die aansoek voorgelê word.

6.10.4 In die oorweging van sodanige aansoek sal die Dorpskantoor die bepalings en oogmerk van hierdie reëls om onder andere die beste versorging van diere voor oë te hou gebruik en sal enige besware ontvang in ag geneem word. In die geval waar die besluit van die Dorpskantoor in dispuut geplaas word, kan die aangeleentheid na die direksie verwys word vir finale oorweging.

6.11 Die beperking van die getal honde en katte per erf is nie van toepassing waar 'n hond of kat op 'n tydelike basis, sonder vergoeding, en vir hoogstens twee maande deur die eienaar of persoon in beheer van die erf namens 'n ander persoon versorg word nie. In sodanige geval moet skriftelike kennis op die voorgeskrewe wyse van die tydelike versorging van diere vooraf aan Orania Dieresorg gegee word.

6.12 By die toepassing van subreël 6.9 en met die oogmerk om 'n natuurlike oorgang tot nakoming van hierdie reëls te bewerkstellig, mag die eienaar van katte en/of honde en waar die getal daarvan die maksimum toelaatbare getal per erf ten tyde van die inwerkingtreding van hierdie reëls oorskry, sodanige getal diere in sy of haar besit aanhou asof die nodige toestemming daarvoor gegee is. Dit geskied met die verstandhouding dat enige of alle diere in sy of haar besit geen oorlas veroorsaak of enige ander bepaling van hierdie reëls oorskry word nie, dat geen nuwe diere tot die bestaande getal diere bygevoeg mag word nie en dat sodanige diere wat meer as die maksimum toelaatbare getal is en wat vir welke rede ook al afsterf nie vervang mag word nie.

6.13 In enige geval waar die getal diere die toelaatbare getal per grootte erf oorskry, ongeag of daarvoor toestemming verkry is en/of die getal diere ingevolge die werking van subreël 6.12 die toelaatbare getal oorskry, moet ieder en elke dier op die betrokke erf 'n mikroskyfie soos deur Orania Dieresorg voorsien ontvang. Sodanige mikroskyfie moet in die geval van subreël 6.12 binne drie maande na die inwerkingtrede van hierdie reëls ingeplant word, terwyl in enige ander geval waar toestemming vir die aanhou van meer diere as die toelaatbare getal per erf grootte ontvang word die mikroskyfie binne een maand ingeplant moet word.

6.14 Die bepalings van hierdie subreël 6, tensy en insoverre andersluidende reëls uitdruklik die teendeel bepaal, is nie van toepassing nie op 'n perseel of grond wat deur die direksie of sy gemagtigde geïdentifiseer is waar die aanhou van diere of die bedryf van 'n skut, Orania Dieresorg-perseel, veeartsenykliniek, troeteldiersalonne, troeteldierwinkels of honde- en katteherberge, vir operasionele redes deur 'n sekuriteitsfirma of OVD of hondehanteerder toelaatbaar is en as sodanig aangedui word in die heersende goedgekeurde ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of soneringskema van OAB.

6.15 Die Dorpsraad is geregtig om 'n bepaling te maak dat 'n spesifieke dier, vanweë gevaar vir ander mense of verwaarlosing of mishandeling of enige ander nienakoming van hierdie reëls, nie binne Orania toelaatbaar sal wees nie. In sodanige geval waar die bepaling van die Dorpsraad deur die eienaar van die dier in dispuut geplaas word, sal die bepaling op hersiening voor die Orania Regspaneel geplaas word en wat 'n finale

besluit sal neem. By versuim om die betrokke dier, waar die bepaling uitgevaardig is en geen dispuut verklaar word nie, of waar die Regspaneel 'n besluit geneem het dat die dier wel Orania moet verlaat, sal die Dorpsraad geregtig wees om die betrokke dier te verwyder en na goeddunke daarmee te handel, wat insluit dat die betrokke dier van kant gemaak kan word.

6.16 Die direksie van OAB is geregtig om, indien dit nodig blyk, te bepaal dat vir elke hond en kat wat in Orania Dorpsgebied aangehou word 'n lisensie soos deur die Dorpskantoor uitgereik deur die eienaar daarvan verkry moet word. Die direksie mag die tydperk en voorwaardes vir sodanige lisensie bepaal.

## 7. STRUKTURE EN PERSEEL MOET AAN VEREISTES VOLDOEN

7.1 Alle strukture waarin diere gehuisves word, moet op 'n deeglike wyse en esteties aanvaarbaar gebou word en van die tipe materiaal wat die direksie goedkeur.

7.2 Elke deel van die struktuur moet behoorlik in stand gehou word.

7.3 Geen diere mag aangehou word in 'n struktuur of op grond wat na die oorwoë mening van die direksie of sy gemagtigde onwenslik of aanstootlik is vanweë die ligging of bou daarvan of die wyse waarop dit gebruik word nie.

7.4 Alle strukture waarin diere aangehou word moet toepaslik afgeskerm word van enige gemeenskaplike pad.

7.5 Alle mis wat van diere afkomstig is moet op 'n gereelde grondslag weggedoen word ten einde te verhoed dat 'n oorlas ontstaan.

7.6 Alle voer moet redelikergewys op 'n knaagdierdigte plek opgeberg word.

7.7 Die perseel moet in so 'n toestand gehou word dat dit nie redelikergewys knaagdiere aanlok of 'n skuilplek daaraan bied nie.

7.8 Die eienaar van 'n dier moet 'n kennisgewing vertoon wat op 'n opvallende plek vertoon word, om aan te dui dat 'n dier gehou word indien sodanige dier gevaarlik, kwaai of moontlik in staat is om 'n persoon ernstig te beseer.

7.9 Die aanhou van hoenders geskied in 'n afgekampte erf, hok of struktuur en mag nie buite die grense van 'n erf vrylopend wees nie.

7.10 Geen hond mag op enige eiendom aangehou word indien die erf waarop die hond aangehou word, of 'n gedeelte van die erf waarbinne die hond aangehou word, nie na behore omhein is nie. Die omheining moet van sodanige aard wees dat die hond geen vrye toegang tot 'n openbare ruimte of Orania pad het nie.

**8. DIERE WAT OP 'N ONBEVREDIGENDE WYSE AANGEHOU WORD EN DIEREMISHANDELING**

8.1 Indien, na die oorwoë mening van die direksie of sy gemagtigde, enige diere wat op enige perseel aangehou word, ongeag of sodanige perseel kragtens hierdie reëls deur die direksie goedgekeur is of nie, 'n oorlas of gevaar vir die gesondheid is, kan die direksie of sy gemagtigde by wyse van 'n skriftelike kennisgewing die eienaar van die dier en/of eienaar van die perseel aansê om, binne 'n tydperk wat in sodanige kennisgewing aangedui moet word, die oorsaak van sodanige oorlas of gevaar vir die gesondheid te verwyder of voorgeskrewe stappe te neem ten einde die genoemde oorlas of gevaar vir die gesondheid te beëindig of te verminder.

8.2 Geen diere mag enigsins aangehou word in omstandighede of toestande of op plekke wat dit vir die betrokke diere ongemaklik maak of wat die diere onnodig aan ongemak, pyn, lyding of trauma blootstel nie. Die eienaar van 'n dier moet voldoen aan enige ander wetlike vereistes ten opsigte van die aanhou van diere soos die voorkoming, beheer en

uitroeiing van aansteeklike siektes, die voorkoming van die verspreiding van sodanige siekte en verwante aangeleenthede.

8.3 Diere wat aangehou word moet te alle tye voldoende skoon drinkwater en aanvaarbare voedsel en die nodige versorging ontvang terwyl behoorlike skuilplek voorsien word.

8.4 Dieremishandeling, of die verwaarlosing van diere, is 'n oortreding en sal die persoon of persone wat hulself hieraan skuldig maak dissiplinêr ingevolge die dissiplinêre prosesse van Orania vervolg word.

8.5 'n Gemagtigde beampte is geregtig om ter eniger tyd hetsy 'n klagte in die verband ontvang is al dan nie, die nodige ondersoek in te stel en indien na die mening van die gemagtigde beampte daar wel mishandeling of verwaarlosing van 'n dier plaasvind, sodanige dier te verwyder en aan Orania Dieresorg te oorhandig wat daarop die dier mag skut. In sodanige geval wat 'n dier vanweë mishandeling of verwaarlosing verwyder word, sal die persoon in wie se sorg die dier gevind is eers aan die oortreding van mishandeling of verwaarlosing van 'n dier skuldig bevind moet word alvorens die dier afgemaak kan word, of andersins mee gehandel word na goeddunke, tensy die eienaar 'n ander persoon as die beskuldigde is en weer beheer van die dier wil oorneem, of tensy die persoon in wie se sorg die dier gevind is ook die eienaar daarvan is en die nodige toestemming aan Orania Dieresorg gee om na goeddunke met die dier te handel. Nieteenstaande voormelde sal die Orania Regspaneel geregtig wees om 'n bepaling te maak oor welke wyse met die betrokke dier beskik moet word. In die geval waar 'n persoon bevind word onskuldig op 'n klag van mishandeling of verwaarlosing te wees, moet die betrokke dier sonder enige kostes vir die eienaar daarvan aan hom of haar terugbesorg word.

8.6 Geen persoon mag enige dier met die afvuur van vuurwerke verskrik, verjaag of diere aan die afvuur van vuurwerke blootstel nie en moet die bepalinge vir die afvuur van enige vuurwerk soos deur OAB daargestel nagekom word.

## 9. BYE

Die Direksie is by magte om ten aansien van die aanhou van bye bepalinge uit te reik wat die hoeveelheid byekorwe asook die gebiede wat dit aangehou mag word beperk.

## 10. WILDE DIERE

Die onus rus op die persoon wat 'n wilde dier of vis wil aanhou, jag of vang op of vanaf die Orania Dorpsgebied om oor die toepaslike permit, lisensie, goedkeuring en/of sertifikaat ingevolge toepaslike wetgewing te hou, met dien verstande dat geen wilde dier op Orania Dorpsgebied sonder die toestemming van OAB gejag of gevang mag word nie.

## 11. DIE SKUT, AFMAAK EN STERILISASIE VAN DIERE

11.1 OAB, of 'n gemagtigde beampte, mag die beslaglegging, skut, afmaking, vernietiging en/of sterilisasie (of ander handeling soos na goeddunke) van 'n dier gelas wanneer sodanige dier:

- 11.1.1 Gevaarlik of boosaardig is;
- 11.1.2 Sodanig beseer of siek is dat dit menslik sou wees om dit te doen;
- 11.1.3 Op enige gemeenskaplike pad of gemeenskaplike plek in stryd met die reëls van hierdie hoofstuk gevind word en nieteenstaande die skut daarvan vir 'n tydperk van een week geen persoon die eienaarskap daarvan opeis nie;
- 11.1.4 In die belang van die gesondheid en welstand van die dier is.

11.2 Die direksie is geregtig om verdere vereistes ten opsigte van die beslaglegging, skut, aanhouding en/of vernietiging van diere in samewerking met Orania Dieresorg en/of 'n veearts voor te skryf.

11.3 Wanneer diere ingevolge subreël 11.1, of enige ander reël hierin vervat, afgemaak word moet dit gedoen word deur 'n geregistreerde veearts of waar so 'n veearts nie beskikbaar is nie, deur 'n gemagtigde en opgeleide beampte van OAB of Orania Dieresorg wat sodanige afmaking op 'n humanitêre wyse moet doen.

11.4 'n Dier wat ingevolge subreël 11.1 geskut is, kan aan die eienaar van so 'n dier vrygestel word teen betaling van 'n fooi wat deur OAB of Orania Dieresorg bepaal word, na gelang van die geval, bo en behalwe enige koste, boetes of belastings, wat uitstaande mag wees ten opsigte van so dier.

11.5 Om 'n algemene oorlas te voorkom en om rondloperkatte te beperk, moet alle katte (beide katmannetjies en katwyfies) gesteriliseer word, welke sterilisasie vir die koste van die eienaar is. In die geval waar die kat geregistreer is hoef die kat nie gesteriliseer te word nie.

11.6 OAB is geregtig om 'n bepaling uit te reik dat hond tewe en/of reuns, tensy geregistreer, gesteriliseer moet word.

11.7 Die eienaar van 'n gesteriliseerde hond of kat moet bewys van sodanige sterilisasie van 'n geregistreerde veearts verkry en dit op versoek van die gemagtigde beampte toon.

11.8 Registrasie ingevolge subreëls 11.5. en 11.6. beteken om diere by 'n toepaslike registrasieliggaam te registreer, bv. Die Suid-Afrikaanse "Kennel" unie, Die Nasionale Federasie van Jack Russell Terriërs van Suid-Afrika, Die Nasionale Federasie van Bokserklubs van Suid-Afrika, of die Duitse Herdershond Federasie van Suid-Afrika.

11.9 In enige geval waar 'n dier om welke rede ook al ingevolge hierdie reëls verwyder word om geskut, afgemaak, vernietiging en/of te steriliseer, of waar die afmaak, vernietig of sterilisasie van 'n dier gelas word, sal die volgende bepaling ten aansien van 'n geskil met sodanige verwydering of opdrag vir die oogmerke soos uiteengesit deur die eienaar van die betrokke dier van toepassing wees:

11.9.1 Orania Dieresorg, of OAB, soos die geval mag wees, en wat die dier verwyder vir welke rede ook al, sal die dier waar prakties moontlik vir 'n tydperk van een week skut voordat die dier afgemaak, vernietig of gesteriliseer word.

11.9.2 Indien die eienaar van die dier skriftelik toestemming gee, kan die dier vroeër as die voorgeskrewe tydsverloop van een week na goeddunke mee gehandel word.

11.9.3 Indien die eienaar van die dier wel die verwydering, vernietiging, skut of sterilisasie (of ander handeling na goeddunke) in geskil plaas, moet sodanige geskil by die Orania Regspaneel aanhangig maak en waarna OAB en/of Orania Dieresorg nie met die dier mee mag handel anders as om die dier veilig te skut nie totdat die geskil afgehandel is.

11.9.4 Die Orania Regspaneel sal die geskil aanhoor en 'n finale beslissing ten aansien van die dier maak. Die Regspaneel mag alternatiewe voorstelle of oplossings ten aansien van die dier ondersoek.

## 12. HONDEHERBERGE, KATTERYE, TROETELDIERSALONNE EN TROETELDIERWINKELS

12.1 Geen skut, veeartsenykliniek, hondeherberg, kattery, troeteldiersalon of troeteldierwinkel mag bedryf word sonder die toestemming van die direksie of sy gemagtigde nie, welke goedkeuring aan voorwaardes onderworpe mag wees.

12.2 'n Persoon wat 'n skut, veeartsenykliniek, hondeherberg, kattery, troeteldiersalon of troeteldierwinkel bedryf mag nie toelaat dat die besigheid op so wyse bedryf word dat dit 'n openbare oorlas of ongerief vir ander mense is nie.

## 13. REG VAN TOEGANG EN INSPEKSIE

13.1 Enige gemagtigde beampte is gemagtig om enige perseel binne die Orania Dorpsgebied te inspekteer ten einde te bepaal of daar aan die reëls in hierdie hoofstuk uiteengesit voldoen word.

13.2 Wanneer 'n perseel ingevolge subreël 13.1 binnegaan word, moet die gemagtigde beampte op versoek van enige persoon, hom/haarself identifiseer deur 'n geskrewe bewys van magtiging te toon.

13.3 Die gemagtigde beampte mag vergesel word van 'n persoon of persone ten einde bystand te verleen in die uitvoer van die inspeksie.

13.4 Iemand wat versuim of weier om toegang te verleen aan 'n gemagtigde beampte indien hy toegang tot grond of 'n perseel versoek, of wat hom dwarsboom of hinder in die uitvoering van sy pligte kragtens hierdie Reëls, of wat versuim of weier om inligting te verstrek wat wettiglik van hom vereis kan word of vals of misleidende inligting aan sodanige gemagtigde beampte verstrek, welwetende dat dit vals of misleidend is, is skuldig aan 'n oortreding van die dissiplinêre kode.

## 14. UITWISSING VAN RONDLOPERHONDE EN WILDE KATTE

OAB as eienaar van die Orania Dorpsgebied sowel as 'n gemagtigde persoon van OAB is ten eerste binne die bevoegdhede van die eiendomsreg maar ten tweede ook ingevolge artikel 31 van die Noord Kaapse Natuurbewaringswet 2009 of enige vervangende of soortgelyke wetgewing geregtig om rondloperhonde en wilde huiskatte wat op ongemagtigde plekke in die Orania Dorpsgebied voorkom uit te wis as sodanige dier nie onder regstreekse toesig van 'n persoon is nie, of besig is of vermoedelik besig is om wilde diere te jag of besig is om skade aan vee aan te rig, of 'n gevaar vir mense inhou.

## 15. OORGANGSBEPALINGS

Alle toestemmings om diere aan te hou wat uitgereik is voor die inwerkingtreding van hierdie hoofstuk, sal geag word geldig te wees met dien verstande dat die direksie of sy gemagtigde oorgangsbepalings mag voorskryf ten einde persone van 'n venstertydperk te voorsien om te voldoen aan hierdie Reëls uiteengesit in hierdie hoofstuk. Sodanige toestemming beïnvloed nie die werking van die reël ten aansien van die beperking op die getal diere per erf, indien van toepassing, nie.

## 16. OORTREDING, STRAWWE EN BOETES

16.1 Behoudens enige sanksies, reg of remedie waaroor OAB in terme van OAB se Akte van Oprigting, enige gebruiksooreenkoms of OAB se Reëls mag beskik, is OAB en 'n

gemagtigde beampte wat ook 'n OVD amptenaar is geregtig om by die oortreding van enige van die reëls hierin vervat:

16.1.1 aan die oortreder daarvan 'n boete op te lê of kan die oortreder 'n ander toepaslike strafsanksie ontvang en soos uiteengesit in die "Orania Lys van Boetes en Ander Strawwe by Oortreding van Dorpsreëls" en wat jaarliks deur die direksie bygewerk word.

16.1.2 die oortreder ingevolge die Dissiplinêre Kode aan te kla indien die oortreder versuim of weier om die voorgeskrewe boete en/of kostes te betaal.

16.2 Waar 'n persoon 'n voorwaarde of beperking ingevolge hierdie Reëls oortree of versuim om te voldoen kan die direksie of sy gemagtigde of dissiplinêre regspaneel bepaal dat bepaalde diere nie meer aangehou word nie en die verwydering van diere uit die perseel vir versorging en bewaring deur Orania Dieresorg of 'n dierewelsynsorganisasie of skut beveel. Indien nodig mag sodanige dier afgemaak word.

16.3 Enige koste wat deur OAB of Orania Dieresorg aangegaan word vir die verwydering en veilige bewaring van diere ingevolge subreël 16.2. sal verhaal word van die eienaar van die diere en/of die eienaar van die perseel (aandeelblok) waarop sodanige diere aangehou word.

16.4 Enige verwysing in hierdie Reëls na die eienaar van die dier en/of die eienaar van 'n Perseel en/of beweerde oortreder wat om een of ander rede of grond aanspreeklik of verantwoordelik is vir enige handeling of betaling van enige gelde, fooie, boete of uitgawe of nakoming van enige verpligting, sal geag word gesamentlik en afsonderlik as mede hoofskuldenaars aanspreeklik te wees teenoor OAB of Orania Dieresorg en sluit alle sodanige persone wat binne die bestek van die woordsomskrywing van "die eienaar van die dier" of "die eienaar van die perseel" val in, tensy subreël 19 hieronder van toepassing is.

## 17. VRYSTELLINGS

Nieteenstaande die bepalings van die reëls in hierdie hoofstuk, mag die direksie en op voorwaarde dat geen geldige beswaar van die eienaars of bewoners van omliggende persele ontvang is nie, enige persoon of klas van persone vrystel van enige of al hierdie vereistes en mag dit enige ander vereistes oplê wat dit as geskik beskou.

**18. VRYWARING**

OAB en enige direkteur, gemagtigde beampte, kontrakteur, werknemer of agent van OAB sal nie aanspreeklik wees vir die dood, besering, diefstal van enige dier of siekte opgedoen of skade aangerig aan enige dier wat voortspruit uit of tydens die skut, beslaglegging, aanhouding of afmaak van sodanige dier ingevolge hierdie Reëls nie.

**19. EIENAAR VAN PERSEEL – GELDIGE VERWEER**

Vir doeleindes van hierdie reëls, en waar die eienaar van die perseel nie ook die eienaar van 'n dier is nie, sal dit 'n geldige verweer wees deur 'n eienaar van 'n perseel indien hy of sy kan bewys dat hy of sy nie redelikerwys bewus kon wees dat 'n oortreding in terme van hierdie hoofstuk deur 'n eienaar van 'n dier op sodanige perseel begaan is nie en dat sodanige eienaar van 'n perseel redelike stappe geneem het om te voorkom dat 'n oortreding in terme van hierdie hoofstuk deur 'n eienaar van 'n dier op sodanige perseel begaan word.

**20. ALGEMEEN**

20.1 Die Uitvoerende Hoof van Orania Dorpsraad, of sy gedelegeerde, het alle bevoegdhede wat nodig is om die uitvoering van hierdie reëls te laat geskied.

20.2 Hierdie reëls is op 6 Maart 2024 deur die Direksie aanvaar en tree op 2 April 2024 in werking.

**BOETES BY OORTREDING ONDER AFDELING C3**

Reëls ten aansien van Diere

Gemagtigde beamptes, maar wat ook OVD amptenare is, is kragtens die Reëls geregtig om onderstaande boetes uit te reik, of om enige oortreder onder die Dissiplinêre Kode vir enige oortreding wat nie hierin deur 'n boete gehanteer word nie aan te kla. Die Dissiplinêre paneel is geregtig om bo en behalwe onderstaande boetes ook enige ander strafsanksie kragtens die Reëls asook Dissiplinêre Kode toe te pas, insluitend bykomende boetes soos nodig mag wees, maar waarvan die waarde daarvan nie ɸ1000 sal oorskry nie.

| | Beskrywing | Boete |
|---|---|---|
| 1. | Versuim om die ontlasting van 'n dier vanaf 'n gemeenskaplike plek of Orania pad op te ruim of te verwyder. | ɸ200 |
| 2. | Die toelaat of pleeg van 'n openbare oorlas soos bedoel in subreël 3, anders as die opruim van ontlasting, met volgehoue versuim na die uitreik van 'n boete om vir dissiplinêre stappe verwys te word. | Eerste oortreding - ɸ200;<br>tweede oortreding - ɸ500;<br>derde en opvolgende oortredings - ɸ1000 |
| 3. | Die aanhou van diere sonder die nodige toestemming wat daarvoor vereis word. | ɸ1000 |
| 4. | Die versuim om aan 'n kennisgewing om aan die vereistes vir die aanhou van diere soos bedoel in subreëls 6 en/of 7 te voldoen gehoor te gee, met volgehoue versuim na die uitreik | ɸ1000 |

| | | |
|---|---|---|
| | van 'n boete om vir dissiplinêre stappe verwys te word. | |
| 5. | Die versuim om 'n dier te steriliseer soos onder subreël 11 bedoel, met volgehoue versuim na die uitreik van 'n boete om vir dissiplinêre stappe verwys te word. | ɸ1000 |
| 6. | 'n Dier wat op 'n Orania pad of ander openbare ruimte is en geskut moet word. | 'n Boete van ɸ1000 vir elke keer wat die dier geskut word, bo-en-behalwe enige kostes soos deur Orania Dieresorg gehef. |